U3A Stilbaai Nuusbrief: Nr. 9, Maart 2016

Algemene Vergaderings (AV):

Ons volgende AV sal plaasvind op **Maandag, 28 Maart 2016 om 09h30 in Die Waenhuis, Jagersbosch**

Ons spreker vir Maart

Die praatjie sal deur Professor Max Döckel (voormalige Professor in Ekonomie en Vise-Kanselier van Unisa) aangebied word oor die begroting en die huidige stand van ons ekonomie. Ons weet SA staan 'n goeie kans dat ons afgradeer gaan word na rommelstatus, ons weet van die ongesonde onmin tussen die Minister van Finansies en die Kommissaris van SAID, ons lae groeikoers, swak Rand, ens. Die praatjie kom op 'n kritiese tyd want sakevertroue is laag en hierdie jaar mag krities wees.

Ons sal weer ledegelde insamel (R30 pp per jaar, maar slegs R10 as jul Maandag aansluit wat geldig sal wees tot einde Mei 2016) vanaf 09h00 voor die AV om 09h30 begin.

U3A Stilbaai Kursusse

1. Julie Wilson bied reeds **Botaniese Kuns in waterkleur** aan. **wilson.julie222@gmail.com**
2. Niel van Wyk sal die Kursuskoördineerder wees vir die **Natuurwetenskap** groep.
3. Cheryl Worth sal die Kursuskoördineerder wees vir die **Stap** groep(e)
4. Brian Tennet sal die Kursuskoördineerder wees vir die **Leunstoel Reise** groep.
5. Johan van Rooyen sal die Kursuskoördineerder wees vir die **Voëlkyk** groep.

Kostes verbonde aan bywoning van U3A Kursusse:

Alle opbetaalde U3A lede mag enige kursus of groep bywoon. (Mits dit nie vol is nie.) Fooie is 'n minimum van R5 per geleentheid waarvan R1 aan U3A gaan. Die res (R4) was in die verlede gebruik om koffie/tee en soms verversings te dek maar dis deesdae weens inflasie nie meer genoeg nie. Daarom is die fooi verander na "wat ook al die koördineerder voel sal genoeg wees om verversings so te dek dat geen verlies of wins gemaak sal word nie." Deesdae is dit so tussen R8 en R10 per kop, afhangende van versnaperinge aangebied. Lede moet net voor hulle aansluit hieroor ingelig word.

Kursusse vind gewoonlik een keer per maand plaas op 'n vasgestelde dag en tyd (soos bv op die 1ste Maandag van elke Maand om 10h00.) Al die stapgroepe stap egter weekliks (en dus amper 50 keer per jaar as die weer dit toelaat) en betaal steeds R5 waarvan R1 na U3A toe gaan en die res word gepoel en is gewoonlik genoeg om te betaal vir 'n (gratis) ete na die laaste stap van elke jaar.

NUWE KURSUSSE:

Natuurwetenskap Kursus. Koördineerder:Niel van Wyk nvanwyk@telkomsa.net
Beide Brian en Stefan sal Niel help om geskikte sprekers te kry en ons doen 'n beroep op lede om vir ons in te lig wie in ons omgewing ook kan praat.
Niel het natuurlik reeds by ons gepraat oor die Goukou Riviermonding en gaan binnekort praat by 'n AV oor 'Die Stilbaai Duine'. 'n Paar mense het vir my genoem hulle stel baie belang in sterrekunde. Dis toevallig een van Brian se belange en hy het self sy eie teleskoop gebou hiervoor en hy sal hieroor kan praat. Die lokaal sal nog bekend gemaak word.

Stap Groep(e). Koördineerder: Cheryl Worth: cheryl@kmint.co.za
Ek stel voor dat ons begin met 'n kort stappie om te sien waar elk staan in terme van pas en fiksheid. Miskien iets soos van die jettie aan die wesoewer van die Goukou tot by die hawe en terug, so 1 uur. Of 'n 2 uur stap weer vanaf die jettie, deur die hawe, verby Morrispunt, op Skulpiesbaai se sand tot die parkeerplek vir die visvywers en dan terug verby die rioolwerke ens. So 9 km. Jongensfontein na Stilbaai (11km) sal ook kom. As dit nodig sal wees om 2 groepe te begin, maak ons so. By U3A Kaapstad het ons 12 stapgroepe gehad om almal te pas.

Leunstoel Reise. Koördineerder: Brian Tennett: travel@u3astilbaai.org
Ons het 2 goeie "Blu Ray" reise (Antartika en die Ganges rivier) wat ons kan gebruik tot genoeg lede na vore gaan kom met hulle reise. Roberto Anastagi is seker ons bekendste reisiger en hy het ingestem om praatjies te gee (met skyfies ook). Maar ons gaan uitvind wie anders kan bydra en hulle ook nooi.

Voëlkyk. Koördineerder: Johan van Rooyen. rooyenvanjohan@gmail.com
Die groep is amper vol. Enige belangstellendes moet vinnig reageer.

Die beste manier om aan te sluit by enige groep hierbo is om direk die koördineerders te vra. Hulle sal dan dae voorstel wanneer hulle vry sal wees en almal se terugvoering vra om die mees geskikte dag en tyd te kies.
Die meeste kursusse begin in iemand se woning en as dit te groot word daarvoor sal die Komitee help soek na geskikte ander lokale.

Ander sprekers en onderwerpe vir AV's wat kom hierdie jaar is:

- David Carter "A trip to the stone churches in Eastern Ethiopia":
- Daan Toerien "Besigheidsontwikkeling in die dorpe van die Gouritz Biosfeer Reservaat"
- Niel van Wyk "Die Stilbaai duine"
- Belinda Gordon "The Anglo Boer War - the Colesberg Actions from November 1899 – March 1900. "
- Roberto Anastagi (oor reis en die titel kom later)

(Die meeste praatjies sal in Engels en Afrikaans gegee word.)